# Motoriese leer 352 (MBK 352)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Toelating tot relevante program |
| **Onderrigtaal** | Dubbelmedium |
| **Akademiese organisasie** | Sport- en Vryetydstudies |
| **Aanbiedingstydperk** | Kwartaal 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Die fokus van die studieveld is op vaardigheidsontwikkeling met die klem op die leerproses en die kognitiewe en motoriese prosesse wat die vaardigheidsontwikkeling onderlê. Die faktore wat vaardigheidsontwikkeling beïnvloed, word bestudeer, asook die beheer van vaardige motoriese prestasie. Studente wat hulle voorberei vir ‘n beroep in die Liggaamlike Opvoeding, of as sportafrigters, dansinstrukteurs, fisioterapeute en arbeidsterapeute sal die nodige basis ontvang om effektiewe instruksiestrategieë te ontwikkel. Instrukteurs in die militêre en industriële opleidingsituasies sal ook baat vind by die studieveld.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.